DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

**29 Mei 2022**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Genesis 10: 6 - 9, 11: 1 - 9 asook Openbaring 3: 14 - 21 |
| **Tema** | Bou aan God se Koningkryk as jy alles wil hê. |
| **Sang** | Psalm 92 : 1, 2<br>Skrifberyming : 12-3 : 1, 2<br>Skrifberyming : 14-3 : 1, 4<br>Skrifberyming : 17-1 : 1, 5, 6<br>Skrifberyming : 15-8 : 1, 5 |

Wie is die Koning van jou lewe? As Adam en Eva gehoorsaam gebly het en die sonde nie die wêreld ingekom het nie, was daar net een koninkryk, God se koninkryk. Dan het ons almal gebou en gewerk aan God se Naam en Sy koninkryk. Nou sien ons mense se lewenslange behoefte aan 'n eie koninkryk! Ons ervaar die koninkryk van die wêreld en die koninkryk van God. En hierdie twee koninkryke is onversoenbaar en staan lynreg teenoor mekaar. Jy bou saam aan die een of die ander. Elkeen van hierdie koninkryke het 'n hoofstad.

* In die Bybel word die koninkryk van die wêreld tot in die boek Openbaring beskryf aan die hand van die hoofstad Babel. Babel is vol geldgierigheid, onreg, twis, geweld, jaloesie, bedrog en immoraliteit. Die meeste mense in hierdie wêreld is bouers aan Babel se koninkryk. Ons sien elke dag hoe mense kies en aan Babel bou. Mense wat God se konkryk verruil vir mag, status en roem.

*Die koninkryk van God se hoofstad is Jerusalem. Dit is die stad van vrede waar God die nasies bymekaar bring. Die plek waar Hy op die troon sit en waarheen ons op pad is - die nuwe Jerusalem. Hoe ywerig is jy om die koninkryk te laat kom?

Die Heilige Gees wys ook op twee koninkryke dikwels in ons eie lewe. Aan wie se koninkryk is jy besig om te bou as jy ‘n lou-gelowige is?
* Is God se koninkryk ooit in jou gedagtes wanneer jy opstaan in die môre en werk toe gaan?
* Is dit deel van jou dagbeplanning om elke dag iets in God se koninkryk in te bou?
* Bou jy aan God se koninkryk in jou omgang met jou kollegas of saam met jou vriende kuier?
* As jy stilbly wanneer mense God se Naam misbruik, aan wie se koninkryk bou jy dan? As jy skaam is vir die Here, so skaam dat jy nooit sy Naam voor ander kan noem nie, is jou naam dan belangriker as God se naam?
* As jy eerder stilbly, wegkyk of omdraai om jou eie eer en gewildheid te beskerm, aan wie se koninkryk bou jy?
* Oor wie se koninkryk is jy meer begaan? Jou eie koninkryk of God se koninkryk? Die Gees van God bou nie saam aan jou eie koninkryk nie! Die Heilige Gees gee geloofskrag, moed en hoop vir mense wat aan God se koninkryk bou.

En wanneer jy allereers God se koninkryk soek, dan sal Hy ook al die ander dinge gee en voorsien wat jy nodig het in jou deel stukkie van God se koninkryk. Ons bid dat die Heilige Gees ons sal leeg maak van ons eie selfsugtige drange en begeertes en ons vul met die begeerte om God en sy koninkryk eerste te stel in elke deeltjie van ons lewe. Wie is regtig die Koning van jou lewe?

## OOG VIR MEKAAR



* Ons innige simpatie met tannie Lettie Coetzee wie se suster die week oorlede is. Ons bid die Here se troos vir tannie en die familie toe in die tyd.
* Ons is dankbaar dat Annemarie Koekemoer tuis is na 'n blindedermoperasie. Sterkte vir jou.
* Ons is dankbaar dat tannie Kotie Erasmus tuis is nadat sy 'n week in die hospitaal deurgebring het.
* Ons is dankbaar dat dit met tannie Nolene Riley goed gaan na haar operasie. Ons dink aan Heila Lessing met die omsien na jou moeder.
* Ons bid vir Theyman Jongbloed wie se operasie na die 2de Junie (Donderdag) uitgestel is. Mag die Here jou en Simonè se geloof versterk en jou deur die operasie vashou. Rika ons bid vir jou as ma.
* Ons bid vir Nelie Badenhorst wat Donderdag 'n operasie moet ondergaan. Mag jy dan van die erge pyn ontslae wees en spoedig die gebruik van jou hand herwin.
* Theuns Botha ondergaan chemoterapie vir die gewas in sy linkerbeen. Ons bid dat die gewas sal krimp en dat jy weer jou been kan gebruik.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 29 MEI

**Diensbeurt: C4 Pietersburg**

**Ouderling: Marthinus vd Walt**

**Katkisasie: Les 13**

**Diaken: Koemi vd Walt**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**29 Mei 2022**
**Alta Fourie**
**Retha Grobler**
**Magda Heinlein**
**Anne-Marie Koekemoer**
**Karen Kruger**

**5 Junie 2022**
**Anna-Mart Mare**
**Karien Nel**
**Elmaree Pyper**
**Terry Pyper**
**Louise Pretorius**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 29 Mei 2022 | Na erediens | *Kerk* | Ouderlingvergadering |
| 30 Mei 2022 | 18:00 | *Kerk* | Breëkerkraadsvergadering |
| 31 Mei 2022 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 1 Junie 2022 | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 1 Junie 2022 | 19:00 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 2 Junie 2022 | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 2 Junie 2022 | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 29 Mei | Christelle Botha<br>Annemarie Koekemoer | 42<br>31 | B<br>B | 082 493 4223<br>082 361 24247 |
| Ma 30 Mei | Riana Olivier<br>Marizane Meintjies | 56<br>22 | B<br>B | 082 460 8286<br>060 994 0968 |
| Di 31 Mei | Marthinus vd Walt | 67 | B | 082 822 6328 |
| Do 2 Junie | Chris Botha<br>Elzánne Botha | 28<br>26 | B<br>B | 083 608 4684<br>076 572 0991 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 30 Mei 1970 | Dewald & Sarie Hattingh | 52 | 082 567 0518<br>082 460 3237 |
| Di 31 Mei 2014 | Hennie & Lynn-Marié Combrink | 8 | 065 944 8581<br>073 318 8142 |

## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*Prys die Here!*
*Met my hele hart wil ek die Here loof*
*in die samekoms van die opregtes, in die gemeente.*
*Die werke van die Here is groot,*
*almal wat daarin vreugde vind, dink daaroor na.*

*Psalm 111: 1 - 2*

## DIAKONIE

**Die diakonie se kosrakke is uitgeput en leeg.** Ons vra almal se **hulp om ons kasrakke aan te vul** en benodig die volgende items:



**Rys; mielie meel; suiker; olie; blikkies kos soos bv vis; groente; tamatie en uie sous; boontjies ens, daar is ook 'n tekort aan toiletpapier; tandepaste en badseep.**

Ons versoek lidmate om ons te help met die met bogenoemde items. Ons versorg baie gesinne van ons gemeente met die kos en ons het almal se hulp nodig.

# NAGMAAL

Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:



* **Nagmaal sal op 12 Junie 2022 om 09:30 plaasvind.**
* Lidmate **MOET** kennis neem dat daar slegs **EEN** diens sal wees.
* Lidmate wat Nagmaal aan tafel **(Vir families)** wil ge bruik sal dit kan doen, daar is 6 beskikbaar wees.
* Die ander lidmate sal die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nag-maal in die banke gebruik.

# NAGMAAL ETE

Lidmate wat die **Nagmaal ete op 12 Junie 2022** wil bywoon moet asb hulle name op die lys plaas wat agter in die portaal op gesit is.

Braai vleis (steak en wors) sal voorgesit word met pap en lekker sous.



Die susters word versoek om soos wat die gewoonte is met 'n Nagmaal ete asb dan **'n slaai saam te bring**.

Onthou ook om eie eetgerei ens te bring.

***ONTHOU ASB ! ! ! ! ! ! ! ! !***
***Die susters van blok B is verantwoordelik vir nagereg by die Nagmaal ete.***

# *GEMEENTEKAMP*

Die aktiwiteitskommissie beplan ***'n gemeentekamp by JABUWENI vanaf 23 tot 25 Sept 2022.***

Hou hierdie spasie dop vir besprekings en pryse!!!
Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar 'n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!



# Mootlite-kamp Amptelik

In opdrag van Streeksinode Pretoria
mootlitekamp@gmail.com

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bied reeds vir 40 jaar die Moot-Skoolverlaterskamp aan. Uit hierdie kamp het die Mootlitekamp ontstaan, wat sedert 2012 baie suksesvol aangebied word.

Die Mootlitekamp is dus ‘n amptelike kamp van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Vanjaar se kamp sal DV van 26 Junie-1 Julie aangebied word. Die Kamp het ten doel om leerders van Graad 6-9 toe te rus om hulle Gereformeerde belydenis en geloof te kan uitleef tussen hulle vriende, en te kan staande bly teen die aanslae van die wêreld, natuurlik aanvullend tot hulle ouerhuise en hulle eie gemeentes.

Die kamp skep ‘n ruimte waar kinders deur pret, spanwerk en samehorigheid hulle belydenis en Bybelkennis kan verbreed. Daarom behandel ons ook op die kamp hierdie jaar die gebed, soos ons dit bely in Heidelbergse Kategimus Sondag 45-52, en dan daarmee saam Psalm 50:14 “Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste; en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.”

Die belangrike saak van gebed sal dus hierdie jaar ‘n sentrale rol op die kamp speel, des te meer in ‘n tyd waarin huisgodsdiens, persoonlike stiltetyd en gebed soms agterweë gelaat word.

Ons vra ook asseblief dat kerkrade die weg oop sien om hulle kinders aan te moedig om die kamp by te woon.

Inskrywings by:
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeIxJr_rE9jTA5MZqeZRrYl6-EezGc1QPC3iWFLczRjtaQTKg/viewform?usp=sf_link

Vir enige navrae of onduidelikheid kan u gerus vir Ds Lohan Linde skakel op 084 787 5119.
Enige bydraes kan inbetaal word by:
GKWBS Mootlite
Absa Spaarrekening
9116 4825 49,
Verwysing: MOOTLITEKAMP

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** Faksnommer | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Daarom het hulle die stad Babel genoem, want daar het die Here in die taal van die aarde verwarring gebring, en van daar af het Hy die mense oor die hele aarde verstrooi.*

*Genesis 11: 9*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS